Pretoria- 8 Mei 2011

Skriflesing: Filippense 1:1-11
Teks: **Filippense 1:9-11**
Sing-

Broeder en suster, dat daar 'n besondere verbintenis tussen Paulus en hierdie gemeente van Filippi moes wees, kan niemand betwyfel nie. Sommige beskou dit as Paulus se mees openhartige, persoonlike en vriendelikste brief, ja 'n brief aan sy eerste liefde, want hierdie gemeente aan wie hierdie brief geskryf was, was die heel eerste christelike kerk in Europa. In Handelinge 16:12-40 kan ons die begin van hierdie gemeente lees, wat op Paulus se tweede sendingreis deur hom gestig was.

Hoe klein het hierdie gemeente begin, maar net 'n paar vroue wat daar naby 'n rivier hulle bidplek gehad het. Lidia die purperverkoopster was van die eerste lidmate, waar sy en haar huisgesin gedoop was. As Paulus dan jare later, hier so 50- 60nC aan hulle skrywe, dalk nog 'n bietjie later, dan is hy vêrder as 1000km van hulle weg, hy is in die tronk en die gemeente is nie meer so klein soos aan die begin nie. Daar is nou heelwat broeders en susters wat ons in die gemeente van hoor. Buiten die feit dat vroue van die begin af 'n belangrike rol hier sou speel, Lidia, Euodia, Syntyche, word ook die name van broeders in die bestaan van hierdie kerk nie verswyg nie. Veral broeders wat wys hulle juis nie 'n Joodse afkoms gehad het nie, manne met meer Romeinse name, Clemens, Epafroditus. Die Here se kerk begin al meer die mense in te sluit wat juis nie Jode was nie, oor wie Paulus baie bly kon wees.

***

Ja, blydskap is in hierdie brief een van die groot elemente. Waar ons vandag maar die begin van hierdie brief gelees het, dan is die eerste wat Paulus vir hierdie gemeente doen, deur vir hulle te bid, maar hy bid met vreugde. V.4- *en ek bid altyd in al my gebede vir julle almal met blydskap.* As mens in vreugde kan bid, broeder en suster, hoe wonderlik dat mens dit kan doen. Vreugde wat mens se hele lewe kan invleg, al is my omstandighede alles behalwe iets om oor bly te wees. Tog word vreugde gesien as dit wat God my kan skenk. 'n Vrug van die Heilige Gees.

Paulus sal in hierdie hele brief nie minder nie as 15X praat van blydskap of dan die werkwoord om bly te wees. Nou besef ons as blydskap in ons gebedslewe so sentraal kan staan, dan is blydskap altyd ook aan dankbaarheid verbind. Blydskap wil nie maar alleen staan nie, maar ons moet mooi hierop let die dinge waaroor Paulus die Here dank en daarna die dinge wat Paulus om bid. Veral dank hy die Here oor meelewing- vers 5- oor hulle

κοινονια- *oor julle gemeenskap aan die evangelie van die eerste dag af tot nou-* watter groot vreugde en dankbaarheid moet dit vir 'n mens bring as mense werklik aan die evangelie deelneem, daardie opgewondenheid, daardie dankbaarheid wat die evangelie bring, hulle kan met mekaar daarin deel, maar Paulus is oor nog iets dankbaar. Hoe dankbaar is hy in v.6- hy spreek dit uit dat God *die goeie werk wat Hy in julle begin het, dat God hierdie werk sal voleindig tot op die dag van Jesus Christus.*

***

Dit *waarin* hulle almal kan deel, dit *waarvoor* hulle almal dankbaar kan wees, dit *waaroor* hy vir hulle kan bid, is waarmee ons teksverse werklik mee besig is. Die drie hooflyne van Paulus se gebed vorm dan ook ons hoofgedagtes- 1. Paulus bid dat hulle liefde nog meer moet word. 2. Hy bid dat hulle onderskeidingsvermoë net nog verder opgeskerp mag word. 3. En dan bid hy dat hulle vervul mag word met die vrug van die geregtigheid.

Mag julle liefde oorvloediger word:

Die liefde wat daar in die gemeente was, was beslis nie min nie. Broeder en suster, dit was alreeds deel van die Here se goeie werk wat ons in v.6 van gelees het. Van die eerste dag van die gemeente se bestaan toe was die goeie van God reeds daar gewees. In die goeie wat die Here reeds vir hulle gegee het, is daar in Paulus nog steeds die vertroue dat die Here nie met die goeie sal ophou nie. Die Here sal dit voleindig, want dieselfde God wat met die goeie 'n begin gemaak het, sal nie ophou vóór Hy nie klaar is nie. So min soos wat God toe Hy alles geskape het, sommer halfpad met sy skepping sou ophou, net so min sal dit wat God hier met hulle begin het sommer maar net halfpad stop. God maak altyd klaar wat Hy begin het!

En nou bid Paulus vir die gemeente dat die goeie wat God reeds geskenk het in die liefde wat daar by hulle moet wees ook nie maar sommer mag ophou nie. Dit moet ook meer en meer word. Trouens Paulus het reeds in v.6 kon aandui dat hierdie gemeente dra reeds die bewys dat hulle in die hart van Paulus en in sy gedagtes die goeie net nog verder gevoer het. In v.6 wys Paulus dat in sy denke dink hy reeds die goeie van hulle, want as hy aan hulle dink dan kom daar in sy gedagtes die dinge wat reg is, maar in sy hart het hy net soveel rede om te aanvaar dat hulle liefde net nog méér en méér kan word. Watter liefde het hulle reeds aan Paulus bewys!

Daar waar hy baie vêr van hulle in die gevangenis sit, is dit asof hulle naby aan hom is. . Die Griekse woord vir deelgenoot wys dit ook, dat die een langs die anders in dieselfde ding moet kan deelneem, so het Paulus dit van hulle ervaar. Ons mag dalk hier dink aan rugbyspelers in 'n skrum hoe uiters noodsaaklik dit is, dat hulle werklik deelgenote van mekaar moet kan wees, voordat hulle goed sal kan skrum. Die gemeente in Filippi was Paulus se deelgenote en dit op twee maniere. In sy boeie maar die nog belangriker deel vir Paulus is nie dit wat om homself gaan nie, maar in wat die evangelie van die Here vir hulle almal beteken. Paulus gebruik hier twee baie sterk woorde- dat hulle in *die verdediging en die bevestiging van die evangelie my deelgenote in die genade was.*

Hierdie twee woorde kom beide uit die regspraak, waar 'n gevangene homself moet kan verdedig, maar in sy verdediging moet hy dan ook die waarheid so sterk kan uitdra dat hy tegelyk kan wys hoe stewig vas hierdie waarheid reeds staan. Dit het Paulus, al is hy in boeie geslaan, nog steeds kon regkry omdat hierdie gemeente in hulle liefde sy deelgenote was. Deelgenote wat hy ná alles beskryf as *deelgenote in die genade.* Dit is maar net genade dat dit nog so kan wees. Met genade bedoel Paulus nie soseer dit wat ons almal onverdiend ontvang het om verlos te mag wees nie, ja dit ook, maar in die genade aan Paulus verleen gaan dit vir hom meer daaroor dat hy die apostoliese opdrag kon ontvang om die evangelie te verkondig en om dit ook aan hierdie gemeente te verkondig.

***

Ja, broeder en suster, die liefde wat moet meer word, kan nie geskei word van die liefde wat daar in Paulus vir hierdie gemeente is nie. Paulus maak God die Getuie van wat waarlik sy liefde vir hulle is! En dan gebruik hy 'n baie interessante woord wat sy verlange na hulle uitdruk. Hy verlang na hulle met *die innige tederheid van Jesus Christus.* In die Grieks is die woord vir tederheid vertaal die woord σπλάγχνοις van die stam- σπλαγχον -wat op jou hele ingewande wys, jou diepste wese, jou hart, jou lewer, jou longe, jou maag, alles tesame. Daar is niks binne hom wat nie tot hierdie liefde aangetrek is nie.

Die verlange van Paulus wat uit sy diepste emosies spruit laat mens amper skrik, want die liefde waarmee Paulus na hierdie gemeente verlang stel hy aan die gevoelens van Jesus Christus gelyk. As mens wonder of hy sy liefde so sterk mag uitdruk, dan besef ons dat hy eintlik vir ons wys dat hierdie liefde wat by hom vir hierdie gemeente bestaan op geen manier maar net 'n menslike aangeleentheid is nie. Nee, sy menslike liefde is eintlik gevorm deur die

liefde van Christus en die oorsprong van hierdie liefde is Christus. Paulus sê hiermee eintlik dat hy hulle liefhet soos Christus hulle ook liefhet. Sterker liefde kan daar nie wees nie! Christus het hulle eintlik deur Paulus lief. Van sulke liefde maak hy God die Getuie. Sterker getuienis en sterker liefde wat alles van God kom, kan daar nie wees nie!

Dit wys eintlik maar nog weer alles terug na vers 6. Die God wat die goeie in hulle begin het, is God Self nie net bewerker van die goeie nie, maar ook Getuie van die liefde.

Meer volmaakte en meer volgemaakte liefde kan mens nêrens anders kry nie, maar nou bid Paulus dat die liefde wat in die gemeente bestaan nog alles behalwe die volmaakte liefde is. Die liefde wat meer en meer oorvloedig moet word, moet in diepte en kwaliteit kan groei. Diepte waar dit gaan oor kennis en kwaliteit kan net kom as daar meer ervaring kan wees. Paulus se gebed om 'n meer betekenisvolle liefde in kennis het vanuit die Grieks ook te doen met insig. Daardie erkenning dat ek in my liefde nog meer insig moet verkry. Die meer insig maak die liefde meer oorvloedig, maar hy bid ook om meer liefde in terme van *alle ervaring.* Die woord wys dat daar nie maar net met idees en persepsies gewerk sal word nie. Hy bid dat die ervaring alle persepsies sal verbysteek, dat daar werklik 'n verstaan mag kom ook van die dinge wat moeilike probleme in ons lewe kan wees. Broeder en suster, dit bring dan eintlik die liefde wat in alle ervaring werklike ook ons intellek moet insluit by wat Paulus ook in die tweede plek bid-

<u>Mag hulle onderskeidingsvermoë net nog verder opgeskerp word:</u>

Die Grieks wat Paulus hier gebruik staan nou verbind met soos wanneer 'n mens ook 'n eksamen moet kan aflê. Daardie verstandelike vermoë om nie net dinge wat reg en verkeerd is teenoor mekaar te stel nie, maar in baie gevalle moet 'n mens nog skerper wees. Jy moet dit wat wel goed mag wees nog weer kan onderskei van dit wat wel nog beter is. Dit wat die beste is, moet van wat ook goed is, onderskei kan word. Daar word eintlik voortdurende interpretasie van ons verwag... groot dele van die lewe het te doen met ek moet kan interpreteer dit wat aan my gedemonstreer word. Hier bid Paulus dat dit werklik goeie onderskeidingsvermoë van ons verg en hy bid dat die gemeente dit so mag ontvang dat hulle die egte goud van die klatergoud sal kan onderskei. Om te skrutineer, werklik goed te ondersoek is waarna die Grieks ons ook hierheen lei.

***

Geliefdes, u sal saamstem dat dit eintlik nog alles daarmee te doen het dat Paulus in sy gebed die gemeente daartoe wil bring dat sekere dinge werklik by hulle moet deurdring. Die Griekse woord vir om te onderskei- is die woord -διαφέροντα- wat letterlik daarmee te doen het om dinge uitmekaar te haal. Daardie onderlinge verskille wat party keer tot allerhande geskille lei, baie keer so onnodig, moet hulle kan raaksien. Die meer belangrike moet geskei kan word van die minder belangrike, ja broeder en suster, ons het in ons tyd dit so dringend nodig dat daar onderskei kan word tussen wat vir God welgevallig is en hou dit weg van die nuttelose dinge waaroor ons baie keer die grootste lawaai oor maak. Een van die ou kerkvaders het gesê ons moet die verskil tussen die ortodoksie en die heresie besef. Dit wat werklik saak máák is mos eenvoudig meer belangrik as dit wat minder saak maak.

Vir hierdie vermoë bid Paulus dat as liefde meer en meer word, dan het die dinge wat met alle ervaring te doen het eintlik 'n snykant na twee kant- na die meer en meer maar ook na die minder en minder kant, liefde wat in alle ervaring meer en meer moet word, het ook die vermoë om dit wat minder moet word ook minder te maak. Die minder belangrike dinge moet in my lewe ook al hoe minder belangrik wees. Dit verg 'n ervaring wat te doen het met sensisiwiteit, met 'n fyn aanvoeling wat in die kerk van die Here so belangrik is. Ons as kinders van die Here het dag na dag te doen met sovele keuses wat ons moet kan maak. Elke keuse word eintlik iets van 'n waardebepaling. Sekere dinge moet ek eenvoudig uit my lewe kan uithaal wat eenvoudig dit nie werd is as dit in spanning kom met die ander dinge wat reeds in hulle aankoms onderskei is. In hierdie keuses moet ons altyd weer die Here vra dat ek my deur ware liefde ook in wat my keuses is, sal laat lei, die liefde tot God en die liefde tot my naaste.

***

Daarom is Paulus in die gebed waar hy vra om onderskeidingsvermoë eintlik besig om vir die Here te vra dat die liefde wat meer en meer moet word, dat hierdie liefde ook gerig en gestuur sal word. Daardie groei in liefde, liefde wat moet meer word, moenie wildgroei nie, maar daar moet 'n vaste en gerigte groei wees. 'n Groei wat die dinge waar dit werklik op aankom, sal kan onderskei. So 'n gebed wil hart en verstand saamvoeg. Die hart waarin die liefde setel en die verstand waarin die vermoë tot onderskeiding setel moet op 'n spesifieke wyse saamgevoeg kan word, ja dit moet rein wees, so rein dat mense daardeur getrek sal word en nie daardeur afgestoot sal word nie.

Die reinheid waarin Paulus vir hierdie gemeente voorbidding doen, kom in die Grieks van die woord - **εἰλικρινής –** is 'n woord wat daarop dui dat daar nie in die gemeente met verskuilde agendas omgegaan sal word nie. Trouens hierdie woord staan nou verbind aan die woord εἵλη wat sonlig beteken. Dit beteken ek moet in die kerk van die Here só werk dat dinge wat in die sonlig gekeur en getoets is na vore sal kom, dan is dit rein. Dit is nie van so 'n aard dat dit eintlik maar 'n skyn reinheid, 'n skynheiligheid is nie, maar dit is opreg, dit is reinheid voor God. In elke menselewe het ons mos maar eintlik met 4 tipes lewe te doen. Die een wat die wêreld sien, die een wat ons vriende sien, die een wat onsself sien en die een wat God sien. Terwyl ons besef al mens wat werklik in alles raakgesien word, is die een wat God sien. Daarom moet ons voor God rein wil wees. Een van die verklaarders sien hierdie woord dat soos lig deur 'n transparant kan skyn so moet ons lewe ook soos 'n transparant wees. Mense moet eintlik alles in ons lewe kan lees. Ons kan ook dink aan hoe x-straalplate geneem word. Elke breekplek, gewas en vergroeisel word deur die x-straal blootgelê. Om te bid dat ons voor God rein moet wees is eintlik 'n gebed dat ons nou reeds voor God blootgestel moet wees. Die dag as Christus kom dan moet ons rein wil wees, die toets van hoe suiwer en opreg ons gesindheid is, is wat op die dag van Christus die onderskeid sal maak.

Die tweede wat hiermee saamstaan is dat ons vir niemand 'n aanstoot mag wees nie. Treffend maak Paulus eintlik hier reeds die onderskeid tussen wat binne ons moet wees, rein, suiwer, onberispelik, maar dit moet in ons uiterlike optrede na vore kom. 'n Gewete moet ook uitgeleef word. Dit wat binne is, moet gesien en beleef kan word, ja in my lewenswandel moet ek iemand wees wat nie die oorsaak is dat ander mense struikel en val nie. Dit kan dan ook vertaal word dat ek rein en sonder blaam sal wees tot op die dag van Christus. Ek moet nie die oorsaak wees dat daar in ander se lewens duike geslaan word nie. Wanneer Paulus in sy gebed hierdie gemeente tot hiertoe voor die Here kon stel, dan is ons laaste gedagte die vrug van Paulus se gebee- Hy bid dat die gemeente-

<u>Vervul mag word met die vrug van geregtigheid:</u>

Die lewe waarin ons elke dag in leef kan ook leeg wees, dit kan donker wees, dit kan vrugteloos wees. As ek nie in die regte verhouding tot God staan nie, broeder en suster, dan sal jou lewe ook nie reg wees nie. In Johannes 15:8 lees ons dat God verheerlik word in die vrug wat ons dra. Jesus sê dit self- *Hierin is my Vader verheerlik dat julle veel vrug dra...* Die vrugte van geregtigheid is die samevatting van die vrug van die Heilige Gees. Daarvan lees ons in Gal.5:22 die samevatting – *liefde blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid,*

goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing... Ons kan alleen hierby uitkom as daar uit die geloof gelewe sal word. Ek moet waarlik glo dat Christus hierdie geregtigheid vir my verwerf het en omdat ek hierdie geregtigheid reeds ontvang het, kan ek ook geregtigheid najaag, ek sal ook regverdig wil lewe. Daar moet baie sulke vrugte wees, daar moet 'n vervulling wees, my beker moet daarvan oorloop.

Eintlik kan ons dit nie miskyk nie, dat om vervul te word met die vrug van geregtigheid, sal in ons lewe van heiligmaking God wil eer en prys, ja die heerlikheid en lof van God is waarvoor Paulus bid. God se heerlikheid, in die Grieks staan hierdie woord- δόξαν- δοξα- waar dit uitdrukking gee aan die hoogste majesteit en krag van God. Dit wat vanaf God uitstraal, sy wonderbare mag, dit alles word saamgevat dat ek as mens vir die heerlikheid van God mag bid. Watter voorreg het ons dat God Hom in ons lewens wil verheerlik. Waar dit gaan om die lof van God dan sluit dit in dat God alleen dit werd is om geprys te word. Dit wat God 'n enige God maak, niks waarmee ons Hom kan vergelyk nie.

In alles waarvoor Paulus bid en waarvoor ons ook moet bid is dat God die lof moet kry en dat Hy alleen geëer moet word. Ons kan in vreugde hierdie gedeelte dan afsluit met die besef dat hierdie brief wat die brief van die Christen se vreugde kan wees, is juis die vreugde om vir God te mag vrug dra wat ons lewe anders sal laat lyk as hulle wat nie die vrug van die Gees, die vrug van geregtigheid dra nie. Mag u ook hiermee gevul wees, ja wanneer ons ook bid dat die liefde mag toeneem, omdat daar 'n toename in kennis is, ons insig groei, dat ons dinge fyn van mekaar kan onderskei, dan sal dit nie maar net in die verstand gebeur nie, maar die hart en die verstand, die liefde en die insig, dit raak jou karakter, dit raak jou volle lewe, dat u en ook in ons werke die vrug van geregtigheid sal dra, ja dat dit uit ons sal uitstraal, want die heerlikheid van God beteken altyd iets wat soos lig moet uitstaal, ons weerkaats dan einlik maar net die heerlikheid van God dat ander dan ook aan God die lof moet bring. In alle geval die goeie wat God begin het, sal Hy voleindig.

AMEN